

Erfenisstigting-argief

Verw. PV 29

**INVENTARIS VAN DIE
G.D.J DUVENAGE-VERSAMELING**

Saamgestel deur: Petra Luus

Mei 2018

Pretoria

Voorwoord:

Gert Diederik Jacobus Duvenage is op 9 April 1925 in die distrik Middelburg, Transvaal, gebore. Hy het in 1942 aan Hoërskool Middelburg gematrikuleer. Hy het 'n B.A.-graad aan die Universiteit van Pretoria ontvang en 'n T.O.D. in 1946 aan die Onderwyskollege in Pretoria behaal. Vanaf 1947 tot 1966 is dr. Duvenage verbonde aan verskeie skole in Transvaal waarvan hy die laaste drie jaar onderhoof by Hoërskool Oos-Moot in Pretoria was. Tydens sy 20 jaar in die onderwys is nagraadse studies aan die Universiteit van Suid-Afrika voortgesit. In 1954 ontvang hy 'n honneurs-graad, in 1955 'n meesters-graad en in 1965 'n D.Litt et Phil. Die tema vir sy doktorsale proefskrif was "Die Republiek Lydenburg vir Suid-Afrika". In 1967 is hy aangestel as lektor aan die Universiteit van Suid-Afrika. Op 1 April 1969 word hy senior lektor en in 1974 professor en hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Wes-Kaapland tot sy uittrede in 1985.

Dr. Duvenage was betrokke by verskeie instansies soos die Afrikanervolkswag waar hy in 1988 gehelp het om die 150ste Groot Trek herdenkingsfees te reël. Hy het op die Mentz-komitee van Ondersoek na die Identiteit van die Griekwas gedien. Die komitee het navorsing gedoen en verslag gelewer oor die voorgeskiedenis van die Griekwawolk. Hy was aktief in die politiek betrokke. Hy en sy vrou, Tersia, het albei op die Hoofraad van die Konserwatiewe Party gedien, sowel as die Dagbestuur van die Kaaplandse Party. Mev. Duvenage het ook aan die Afrikanervroue Kernkrag behoort, waarvan dokumentasie in hierdie argiefversameling te sien is.

Dr. Duvenage is die outeur van verskeie boeke. Hy het 'n reeks van drie boeke oor die Groot Trek geskryf getitel "Die Groot Trek: Die eerste drie jaar". Hy het ook die boeke "Die Gedenktrek van 1938" en "Groot Trek 150" geskryf, wat oor die 150'ste Groot Trek-herdenkingsfees handel. Hy het verskeie artikels geskryf, insluitend biografieë vir die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*.

Die argiefversameling is oorwegend in 'n goeie toestand. Daar is dokumentasie oor dr. Duvenage se studiejare, sowel as sy akademiese loopbaan. Daar is heelwat memorandumms en inligtingstukke oor die teorie en filosofie van geskiedenis. Die versameling bevat ook waardevolle inligting aan persone wat navorsing doen oor die Voortrekkers, die 1938-Gedenktrek en die 150ste Groot Trek-herdenking. Inligting

en navorsing oor sommige van dr. Duvenage se boeke is in die versameling te vind. Die versameling gee ook 'n goeie insig in die Konserwatiese Party en die politieke situasie, spesifiek in die 1980's en vroeë 1990's, waar Suid-Afrika in politieke onsekerheid gedompel was. Daar is 'n groot aantal koerantknipsels wat die politieke situasie in Suid-Afrika weerspieël.

1. Biografiese / Persoonlike inligting

1.1	Korrespondensie	1
1.2	<u>Persoonlike onderrig</u>	1
1.2.1	Hoërskool Middelburg	
1.2.2	Normaalkollege	
1.2.3	Hoërskool Rustenburg / Heidelbergse Onderwyserskollege (Tertia Duvenage)	
1.2.4	Universiteit van Suid-Afrika	
1.3	Sertifikate	1
1.4	Herinneringe / Memoirs	1
1.5	Familiegeskiedenis	1
1.6	Allerlei	2

2. Akademiese Loopbaan

2.1	<u>Onderwyser</u>	2
2.1.1	<u>Algemene skole</u>	
2.1.2	<u>Oos-Moot</u>	
2.1.2.1	Algemeen	
2.1.2.2	Jaarboeke en gedenkuitgawes	
2.1.3	<u>Excelsior Skoolkomitee</u>	
2.2	<u>Dosent / Departementshoof</u>	2
2.2.1	<u>Universiteit van Suid-Afrika</u>	
2.2.2	<u>Universiteit van die Wes-Kaapland</u>	
2.2.2.1	Korrespondensie	
2.2.2.2	Verslae	
2.2.2.3	Memorandums	
2.2.2.4	Allerlei	
2.3	<u>Aansoeke vir poste</u>	2
2.4	<u>Lesings / Memorandums / Notas</u>	3
2.4.1	Teorie / Metodiek / Filosofie van geskiedenis	
2.4.2	Suid-Afrikaanse- en Wêreldgeskiedenis	

3. Betrokkenheid by instansies / komitees	
3.1 <u>Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing)</u>	3
3.1.1 Korrespondensie	
3.1.2 Memorandums/Biografieë/Navorsing	
3.2 <u>Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging</u>	3
3.3 <u>Komitee van Ondersoek na die Identiteit van die Griekwas</u>	3
3.3.1 Vergaderings	
3.3.2 Korrespondensie	
3.3.3 Verslae	
3.3.4 Memorandums	
3.3.5 Manuskripte	
3.3.6 Persverklarings	
3.3.7 Publikasies	
3.4 <u>Die Afrikanervolkswag</u>	3
3.4.1 Algemeen	
3.4.2 150 Groot Trek herdenking	
3.5 <u>Politiek</u>	4
3.5.1 Konservatiewe Party	
3.5.1.1 Vergaderings	
3.5.1.2 Korrespondensie	
3.5.1.3 Memorandums	
3.5.1.4 Kongresse	
3.5.1.5 Allerlei	
3.5.1.6 Publikasies	
3.5.2 Afrikanervroue Kernkrag (Tertia Duvenage)	
3.5.2.1 Vergaderings	
3.5.2.2 Korrespondensie	
3.5.2.3 Memorandums	
3.5.2.4 Allerlei	
3.5.2.5 Publikasies	
4. Toesprake / Intreeredes	4
4.1 Dr. G.J.D. Duvenage	
4.2 Ander mense	
5. Boeke geskryf deur dr. G.J.D. Duvenage	

5.1	<u>Imperialisme en Nasionalisme</u>	4
5.1.1	Korrespondensie	
5.1.2	Ooreenkoms	
5.1.3	Manuskrip	
5.1.4	Resensies	
5.1.5	Publikasie	
5.2	<u>Van Tarka na die Transgariep</u>	5
5.2.1	Korrespondensie	
5.2.2	Ooreenkoms	
5.2.3	Manuskrip	
5.2.4	Navorsing	
5.2.5	Resensies	
5.3	<u>Die Eerse Verslag van die Presidentsraad se Grondwetkomitee</u>	5
5.3.1	Korrespondensie	
5.3.2	Manuskrip	
5.3.3	Navorsing	
5.3.4	Resensie	
5.3.5	Publikasie	
5.4	<u>Die Eerste Drie Jaar</u>	5
5.4.1	Manuskripte	
5.4.2	Navorsing	
5.5	<u>Die Gedenktrek van 1938</u>	5
5.5.1	Manuskripte	
5.5.2	Navorsing	
5.5.3	Bladproewe	
5.5.4	Publikasie	
5.6	<u>Groot Trek 150</u>	6
5.6.1	Manuskripte	
5.6.2	Publikasie	
6.	Ander skryfwerk	
6.1	<u>Verhale (ongepubliseerd)</u>	6
6.1.1	Tolga se Tango	
6.1.2	Kortverhale	
6.1.3	Toneelstukke	
6.2	<u>Artikels</u>	6

7. Algemene publikasies

7.1 Plakboeke

6

7.2 Koerantknipsels

6